

Woensdag 16 Mei

Skrifgedeelte: 3 Johannes :5-8

Fokusgedeelte: 1 Johannes :8

Bedien die liefde met gasvryheid

Gaius is gasvry teenoor onbekende persone op reis om die evangelie te verkondig. Jo-hannes is baie dankbaar vir hierdie liefdesdaad, want dit is 'n verdere bewys dat hy in die waarheid lewe. Hy ken die mense nie persoonlik nie, maar weet dat hulle van Johannes af kom en dat hulle dieselfde evangelie as hy verkondig. Om kos, huisvesting, geld en bemoediging aan te bied en in die gemeenskap vir hulle in te staan, was vir hom 'n vreugde. In woord en daad bedien hy die Christelike liefde aan vreemdelinge.

Johannes het dus vrymoedigheid om Gaius te vra om hulle op hulle verdere reis te ondersteun. Gaius se gasvryheid is resultaat van sy liefde. 'n Liefde wat bereid is om op te offer en bereid is om hierdie vreemdelinge gasvry te ontvang en te versorg. Liefde gaan oor tot daad.

Tweedens is hierdie ondersteuning vir die vreemdelinge nodig, want hulle is op reis om Christus te verkondig. Hulle verteenwoordig Jesus Christus en verkondig Hom as Verlos-ser en Saligmaker. Op hierdie sendingreis ontvang hulle niks van die heidene nie. Hulle maak nie aanspraak op vergoeding nie, maar is afhanklik van die liefdevolle versorging van medegelowiges.

Derdens verklaar Johannes dat dit ons plig is om mee te werk aan die uitdra van die Blye Boodskap deur sulke mense te onderhou. Dit is 'n voortdurende ondersteuning.

Ons bid: *Laat u Koninkryk kom.* Werk ons in liefde mee aan die uitdra van die evangelie van Jesus Christus? Christus se opdrag is: *Gaan maak dissipels.* Voer ons die opdrag uit en met watter gesindheid?

Sing: Psalm 33:1 (1936)

Dr. TC (Theuns) de Klerk (Emeritus)